Staan by die Waarheid – Filippense 1: 27 - 30

Filip 1: 27*. Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie*
28*. en julle in geen opsig deur die teenstanders laat afskrik nie. Dit is vir hulle 'n teken van hulle ondergang en van julle redding, en dit kom van God.*
29*. God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly.*
30*. Julle en ek het dieselfde stryd wat julle my vroeër al sien stry het en waarvan julle hoor dat ek nou nog stry.*

Inleiding:
As 'n gemeenskap plaas ons 'n hoë premie daarop om die waarheid te praat. Ons leer ons kinders om nie leuens te vertel nie. Soms, veral as ons in die moeilikheid beland, is die versoeking daar om ook 'n leuen te vertel, wat ons meestal nog meer probleme sal besorg. Al gaan die leuen ook hoe snel, die waarheid agterhaal hom wel!

Eerlikheid is een vorm van die waarheid. Daar bestaan 'n "absolute waarheid". Dis waarna Pilatus vra as hy vir Jesus sê: Wat is waarheid? Die tyd waarin ons leef, wat alles relatief wil maak, voel al hoe meer dat die waarheid deur die situasie bepaal word en "dat daar geen absolute waarheid is nie, maar slegs persepsies". So 'n siening lei ook tot situasie etiek, waar reg of verkeerd deur die konteks van omstandighede bepaal word.

Enkele redes waarom mense in verset is teen die gedagtes van absolute waarheid, is omdat hulle die Bron van die Waarheid, die Vader van ons Here Jesus Christus nie aanvaar nie en ander vorme en idees as wat die Bybel leer oor wie God werklik is aangehang word. Dié mensgemaakte idees word dan bo God se openbaring van Homself verkies.

Die ander rede waarom die absolute waarhede in die Skrif onder verdenking is, is gewoon omdat Christene, hoewel hulle hierdie waarheid verkondig en leer, self dikwels nie daarvolgens leef nie. So bring ons die waarhede soos in die Skrif geopenbaar, onder verdenking en skep die persepsie dat dit nie waar of betekenisvol is nie. Dit as mense sê dat wat ons sê mooi klink, maar wat ons doen is aaklig en onaanvaarbaar.

In ons teks praat Paulus daaroor hoedat Christene God se waarheid moet leef – selfs in die aangesig van die teenstand van die kultuur waarin ons leef. Ons moet Jesus se opdrag om "sout" en "lig" te wees, baie ernstig neem.

Rig jou lewe in volgens wie jy is: 'n Christen.
Ons moet goed begryp wie ons is, en daarvolgens lewe.

Ons moet verstaan dat ons burgers van die hemel is. Die uitspraak in vers 17 oor ons "lewenswandel" beteken letterlik dat ons as burgers van die hemel moet leef. (dieselfde woord in hfst 3:20 vertaal as "burgers van die heme"l; (sien ook 1933/53 Afrikaanse vertaling) Terwyl ons op aarde is, moet ons nie vergeet waar ons werklik tuishoort nie. Ons burgerskap is in die hemel en ons moet daarvolgens lewe. Ons moet as ambassadeurs van ons hemelse Koning lewe.

Ons probleem is dikwels dat ons nie goed genoeg begryp hoe radikaal die wedergeboorte ons lewens raak nie. Dat 'n nuwe mens tot stand kom wat wel in die wêreld is, en tog nie meer van die wêreld mag wees nie. Ons uitdaging is om onsself in dié lig te sien. Dit sal net gebeur as ons lewe op aarde saam met God in Christus, dit weerspieël. Studie en verstaan van God se Woord en genoeg tyd in gebed sal ons help om dit te verstaan. Om elke dag die Gees te vra en toe te laat om ons nader aan Christus te bring, sal ons help om dit te verstaan.

Ons moet vas staan by die Waarheid..
Die tweede ding wat ons moet doen is (vers 27) om op te staan vir en vas te staan by die absolute waarhede wat God openbaar het.

***27**: …. dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie.*
As Christene ken ons die waarheid van die Evangelie. Dis nie 'n arrogante uitspraak nie, hoewel sommige ons daarvan beskuldig. Dis eenvoudig iets wat ons wat verlossing ken, self ervaar het en dus kan ons daarvan getuig. DIt is die geloof waarvan Paulus praat. Die goeie nuus wat ons beleef het, moet ons ook met ander deel. Maar hoe doen ons dit?

Eerstens met eensgesindheid**.** Daar staan letterlik in die oorspronklike ons moet een wees van gees; of is dit in die Gees? Ons krag lê daarin dat ons een van hart is, omdat een Gees ons daartoe in staat stel. Sedert die Pinksterervaring van die Kerk soos beskryf in Handelinge, het ons die krag om vir die waarheid vas te staan. Hierdie krag kan net in eensgesindheid / een van gees wees en deur van die Gees te wees, bekend word in die wêreld. Die verdeeldheid tussen gelowiges lê struikelblokke op die pad van ongelowiges om die waarheid te kan aanvaar.

Tweedens moet ons vas staan vir die waarheid ter wille van die Evangelie. Dit is die waarheid wat mense vry maak en ons mag nie toelaat dat dié waarheid korrup gemaak word deur menslike interpretasies en filosofiese bevraagtekening nie.

Jesus het aan ons goeie nuus gebring wat ons met die wêreld moet deel. Daarin is redding, verlossing en vryheid te vind. Dit is kosbaar en moet bewaar word. Ons moet ons vir die bewaring daarvan inspan.

Moet jou nie deur teenstanders laat afskrik nie.
Ons moet laastens gewillig wees om teenstand te verwag en ten spyte daarvan, vas te staan by die waarheid van die Evangelie.

Dieselfde mense wat verdraagsaamheid van ons eis as ons Jesus as die enigste Weg, Waarheid en Lewe verkondig, is dikwels die mees onverdraagsame van almal teenoor Christene, wanneer ons Jesus wil eer as ons enigste Saligmaker en as God se plan om ons te red. Hulle relatiewe waarhede moet ons verdra en daarvoor plek maak in die wêreld. Wel, Christene behoort sekerlik vryheid van geloofskeuse te bevorder en vervolging van enige persoon vanweë geloofsoortuigings teen te staan en vir reg tot selfstandige geloofskeuses te stry.

Maar ons vra ook dieselfde reg en voorreg vir onsself. Ons wil en moet staan vir die waarheid van die Evangelie – en dit sonder om bang te wees. Ons moet braaf wees as ons standpunt inneem vir die fundamentele leer oor Jesus, oor Hom as gekruisigde en opgestane Heiland, wat eens en vir altyd die offer vir al ons sondes betaal het. ***Martin Luther skryf in die kragtige gesang waarvoor hy so bekend is:***
Al storm hul ook van elke kant, die hel se leërmagte, die Een wat sterker is, hou stand, Hy sterk ons swakke kragte.

Die hoofskrywer van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) Guido de Bräs, 'n predikant van die Gereformeerde Kerke in die Nederlande, het in 1567 as 'n martelaar vir die geloof gesterf. Gedurende die 16de eeu was die Gereformeerde Kerke in Nederland en België, toe een staat, wreed deur die regering van die dag vervolg. Ten einde teen hierdie verskrikking en tirannie te protesteer en om aan hulle vervolgers te bewys dat hulle nie rebelle teen die koning wou wees nie, maar wetsgehoorsame burgers van die staat, wat die Christelike geloof ooreenkomstig die heilige Skrif bely, het de Bräs in die jaar 1561 die NGB saamgestel. Die volgende jaar is 'n afskrif daarvan, saam met 'n brief, aan koning Philippus ll gestuur, waarin hierdie protestante verklaar het dat: ***hulle gewillig en gereed is om die regering in alle wettige sake te gehoorsaam / onderdanig te wees***, maar ***dat hulle liewer hulle rûe sal blootstel aan die kats, hulle tonge aan die mes, hulle monde aan 'n mondklem en hulle liggame aan vuur, as om die waarheid wat in hierdie belydenisskrif opgeteken is, te verloën.*** (Die volledige teks van die NGB is in Afrikaans en in moderne Engels op hierdie webwerf by "Ons glo" onder "Hulpbronne" publiseer.)

Ons moet die woord van die Here aan Josua in Jos 1:19 onthou, dat ons sterk en vol moed moet wees en ook dapper in die geloof in God. Ons moenie bang wees nie. God is altyd by ons, Hy het ons die opdrag gegee om sy Koninkryk te verkondig en sy wil te soek. Dit is sy waarheid waarvoor ons stry. Hy is met ons, altyd!

Appél:
Wanneer mense sien dat ons met moed en oortuiging staan by die waarheid van die Evangelie, selfs te midde van teenstand, sal hulle besef dat die krag van God ons staande hou. *Dit is vir hulle 'n teken van hulle ondergang en van julle redding, en dit kom van God. (vers 28)*

En dit sal opoffering vra. As jy op soek is na 'n manier om God en sy waarheid te dien, sonder om opofferinge te maak, vergeet dan maar van die Christendom!

Kyk weer na vers 29: . *God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly.*

Ons het nie net die voorreg om Christus te dien nie, maar ook die eer om ter wille van Hom te ly en opofferinge te maak. Om Christen te wees beteken nie om aardse lyding vry te spring nie, maar om nooit die ewige smart van verlorenheid te ervaar nie. Daarom maak dit sin en het groot betekenis om vas te staan by die absolute waarhede van die sentrale boodskap van die Skrif oor die verlossing wat daar net in Jesus Christus te vinde is.

Ons moet leef soos burgers van die hemelse ryk Dit beteken dat ons vas moet staan in die waarheid waardeur ons verlossing ontvang het. Selfs te midde van teenstand en selfs vervolging. Te midde van 'n wêreldkultuur wat aanstoot neem aan die absolute waarheid dat daar in Christus alleen verlossing te vinde is. Ons moet vas staan by die waarheid oor die goeie nuus oor Jesus Christus.
In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees,
Amen.

Enige vrae of opmerkings oor hierdie preekskets deur Andries Combrink, kan gestuur word aan info@cpk.co.za